Zuléka Smit Johann Strauss

# Ben en die groot toets



LUCA

Ben is reeds vanoggend vroeg wakker en sy hartjie klop-klop opgewonde.

Skool is LEKKER!

“Ben, moenie jou kosblik vergeet nie,” sê Mamma. Mamma se toebroodjies gee vir Ben breinkrag. Hy het ’n besige dag wat voorlê.




SLURP!
Ben




By die skool sit Juffrou op haar stoel voor in die klas. Sy is gereed
vir die besige dag wat voorlê. Juffrou is altyd vriendelik.
In graad een leer die kinders al die klanke van die alfabet. Ben raak
soms deurmekaar met al die klanke. Party klanke KLINK vir hom
dieselfde en ander LYK weer vir hom baie dieselfde.
Ben sukkel veral met die b- en die d-klank.

Gelukkig leer Juffrou vir hulle hoe om dit te onthou.
“Die b se strepie lyk soos ’n besem en sy maag soos ’n doughnut.
As jy eerste die strepie sien, is dit die besem,
so dan moet jy onthou dis b vir besem.
As jy eerste die doughnut sien en dan die strepie,
weet jy dis ’n d vir doughnut.”

